Plak asseblief die strepies-kode etiket hier

PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

MUSIEK: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

Tyd: 1½ uur 50 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Hulpbronboekie van 4 bladsye (i–iv). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Maak die Hulpbronboekie in die middel van jou vraestel los. Die Hulpbronboekie sluit een bladsy vir rofwerk in.

2. **Beantwoord al die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat op die vraestel daarvoor toegelaat is, te skryf. Moet geen vrae in 'n Antwoordboekie beantwoord nie.**

3. Musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet in pen beantwoord word.

4. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan. Moet nie Tipp-Ex gebruik nie.

5. TWEE bladsye blanko musiekpapier (bladsy 7 en 8) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n antwoord het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.


ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK

VRAAG	MAKSIMUM PUNT	BEHAAL
1	15	
2	13	
3	9	
4	13	
TOTAAL	50	

IEB Copyright © 2024


VRAAG 1

1.1 Skryf een oktaaf, stygend, sonder 'n toonsoortteken, die harmoniese mineurtoonleer waarvan die gegewe noot die subdominant is. Jou toonleer moet op die subdominante noot begin en eindig.



(2)


1.2 1.2.1 Noem die toonsoort waarop die volgende melodie gebaseer is.



Toonsoort: _____


(1)

1.2.2 Herskryf die melodie met die toonsoortteken wat in Vraag 1.2.1 genoem is.



(2)


1.3 Identifiseer die korrekte majeur pentatoniese toonleer hieronder.



(1)


IEB Copyright © 2024

1.4 1.4.1 Voltooi die volgende mate deur 'n rusteken onder elke asterisk by te voeg.




(1)

1.4.2 Herskryf die ritme in Vraag 1.4.1 in enkelvoudige tyd sonder om die ritmiese effek te verander.




(3)

1.5 Skryf die Miksolidiese modus op B, dalend, sonder 'n toonsoortteken. Gebruik een maat in die gegewe tydmaatteken sonder om enige rustekens te gebruik.




(2)

1.6 Skryf die blues-toonleer op F♯ sonder 'n toonsoortteken, stygend. Gebruik kwartnote.



(1)

1.7 Beskryf die notasie hieronder deur die tabel wat volg, te voltooi.



Majeurtoonsoort:	Tegniese naam van noot:
Mineurtoonsoort:	Tegniese naam van noot:

(2)
[15]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2

Verwys na **BYLAAG A** in die Hulpbronboekie.

2.1 Identifiseer die vorm van hierdie uittreksel.

_____

(1)

2.2 Skryf die tonikatoonsoort van die stuk neer.

_____

(1)

2.3 2.3.1 Noem die toonsoort en kadens in maat 8.

_____

(2)

2.3.2 Wat is die verwantskap tussen hierdie toonsoort en die tonikatoonsoort van die stuk?

_____

(1)

2.4 Identifiseer die kadens in maat 12–13.

_____

(1)

2.5 Identifiseer die intervalle gemerk **"X", "Y"** en **"Z"**.

X: _____

Y: _____

Z: _____ (3)


2.6 Identifiseer die komposisietegnieke in die volgende mate:

2.6.1 Maat 0^3–4: _____

2.6.2 Maat 13^3–14^2: _____

(2)

2.7 Transponeer die regterhandparty in maat 7–8 sodat dit dieselfde sal klink wanneer dit deur 'n klarinet in B♭ gespeel word. Onthou om die nuwe toonsoortteken by te voeg.




(2)

[13]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die vierstemmige harmonisering hieronder en volg die instruksies:



3.1.1 Noem die toonsoort en besyfer die akkoorde gemerk **"A"**, **"B"**, **"C"** en **"D"**.

Toonsoort: _____

A: _____

B: _____

C: _____

D: _____ (5)

3.1.2 Voeg die volgende harmoniese note in gepaste posisies op die partituur.

- 'n Onbeklemtoonde deurgangsnoot.
- 'n Boonste hulpnoot/wisselnoot. (2)

3.1.3 Identifiseer die nie-harmoniese noot gemerk "**x**".

_____

(1)

3.1.4 Verduidelik die F♮ in maat 3.

_____

(1)
[9]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 4

Verwys na **BYLAAG B** in die Hulpbronboekie.

4.1 Identifiseer die genre.

_____

(1)

4.2 4.2.1 Noem die twee karakters in **Bylaag B**.

_____

(2)

4.2.2 Bespreek Schubert se gebruik van **VOKALE TESSITURA, DINAMIEK, HARMONIE en VOKALE MELODIE** om tussen die twee "karakters" en/of hul huidige emosies te onderskei.

Vokale tessitura: _____

_____

_____

(2)

Dinamiek: _____

_____

_____

(2)

Harmonie: _____

_____

_____

(2)

Vokale melodie: _____

_____

_____


(2)

4.3 4.3.1 Identifiseer die toonleer wat in die bassleutel van maat 77–79 gebruik is.

_____

(1)

4.3.2 Voltooi die toonleer wat in Vraag 4.3.1 geïdentifiseer is.



(1)
[13]

Totaal: 50 punte

IEB Copyright © 2024

ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024